# HILLCREST HIGH SCHOOL

## GRAAD 10

## AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL

## NOVEMBER 2022

## VRAESTEL 3

**PUNTE: 100** **TYD: 2 UUR**

**Hierdie vraestel bestaan uit 6 bladsye**

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. **Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings, naamlik:**

| | | |
|---|---|---|
| **AFDELING A:** | **Opstel** | **(50)** |
| **AFDELING B:** | **Langer transaksionele teks** | **(30)** |
| **AFDELING C:** | **Korter transaksionele teks** | **(20)** |

2. **Beantwoord EEN vraag uit elke afdeling.**

3. **Skryf in die taal wat geassesseer word.**

4. **Begin elke afdeling op ’n NUWE bladsy.**

5. **Jy moet jou skryfstukke beplan, redigeer en proeflees. Gebruik byvoorbeeld ‘n kopkaart of ’n vloeidiagram of sleutelwoorde, ens. Doen die beplanning VOORDAT jy die finale produk vir elkeen van die afdelings skryf.**

6. **Alle beplanning moet duidelik aangedui en ingelewer word. Dit word aanbeveel dat jy ’n streep deur alle beplanning trek.**

7. **Beplan jou tyd só:**

   **AFDELING A: 60 minute**
   **AFDELING B: 40 minute**
   **AFDELING C: 20 minute**

8. **Nommer elke skryfstuk soos dit op die vraestel genommer is.**

9. **Skryf die titel/opskrif bo-aan elke skryfstuk.**

10. **Die titel word NIE in aanmerking geneem as die woorde getel word NIE.**

## AFDELING A: OPSTEL

### VRAAG 1

- **Kies EEN onderwerp en skryf 150-200 woorde daaroor.**
- **Skryf die nommer en die titel van die onderwerp wat jy kies, bo-aan.**
- **Daar MOET ‘n beplanning, eerste poging en finale poging by jou skryfstuk wees.**
- **Skryf die aantal woorde wat jy gebruik het, onder jou opstel neer.**

1.1 Ek sal dit altyd onthou! [50]

1.2 Tieners! [50]

1.3 Sosiale media se impak op die samelewing. [50]

1.4 Dit was ‘n goeie dag. [50]

1.5 Vriendskappe. [50]

1.6 Kies EEN van die volgende prente en skryf 'n opstel daaroor. Skryf die vraagnommer (bv. 1.6.1) en die titel van jou opstel neer.

**LET WEL**: Daar moet 'n duidelike verband wees tussen die opstel en die prent wat jy gekies het.

1.6.1




[50]

1.6.2



[50]

1.6.3



[50]

**TOTAAL VIR AFDELING A: 50 punte**

# AFDELING B: LANGER TRANSAKSIONELE TEKS

## VRAAG 2:

- **Kies EEN onderwerp en skryf 120-150 woorde daaroor.**
- **Skryf die nommer en die opskrif van die teks wat jy kies, bo-aan jou skryfstuk neer.**
- **Daar MOET ‘n beplanning, eerste poging en finale poging by jou skryfstuk wees.**
- **Skryf die aantal woorde aan die einde van die teks neer.**

### 2.1 RESENSIE

Jy is gevra om ‘n resensie van ‘n boek wat jy gelees het, vir die skoolkoerant te skryf.

Skryf die resensie. [30]

### 2.2 VRIENDSKAPLIKE BRIEF

Jy het ‘n wonderlike oorsese vakansie gehad.

Skryf ‘n brief aan jou maat waarin jy hom/haar daarvan vertel. [30]

### 2.3 HULDEBLYK

Jou gunsteling familielid is onlangs oorlede en jy is gevra om die huldeblyk by die begrafnis te lewer.

Skryf die huldeblyk neer. [30]

### 2.4 DIALOOG

‘n Kwaai hond het jou oor die naweek gebyt.
Vertel jou maat wat gebeur het.

Skryf die gesprek in ‘n dialoogvorm neer. [30]

**TOTAAL VIR AFDELING B: [30]**

## AFDELING C: KORTER TRANSAKSIONELE TEKS

**VRAAG 3:**

- **Kies EEN onderwerp en skryf 80-100 woorde daaroor.**
- **Skryf die nommer en die opskrif van die teks wat jy kies, bo-aan jou skryfstuk neer.**
- **Daar MOET 'n beplanning, eerste poging en finale poging by jou skryfstuk wees.**
- **Skryf die aantal woorde aan die einde van die teks neer.**

**3.1 WHATSAPP**

Jou maat het jou gevra om saam met haar/hom na 'n musiekkonsert te gaan.

Stuur 'n WhatsApp waarin jy verduidelik waarom jy nie kan gaan nie. [20]

**3.2 INSTRUKSIES**

Jou ouma gaan met vakansie en vra jou om haar klein hondjie op te pas.

Skryf 7 instruksies neer wat sy vir jou gegee het. [20]

**3.3 UITNODIGING**

Jou ma vra jou om 'n verjaarsdagpartytjie vir jou sestienjarige suster te reël.

Ontwerp 'n uitnodigingskaartjie vir die verjaarsdagpartytjie. [20]

**TOTAAL VIR AFDELING C: [20]**

**GROOTTOTAAL : 100**